

EMMA

Reg. No.: L 9022 Act /Wet No. 36 of/van 1947

A water soluble granular insecticide for the control of Africa Bollworm and semi-looper in tomatoes, Codling moth in apples, Diamondback moth in cabbage, Fall Armyworm in maize, sweetcorn and potato, Longhorn beetle and Eldana in sugarcane and Macadamia Nut Borer in Tree Nuts.

'n Wateroplosbare korrel insekdoder vir die beheer van Afrika bolwurm en valslandmeter in tamaties, Kodlingmot in appels, Ruitrugmot in kool, Herfskommandowurm in Mielies, Suikermielies & Aartappels en Langhoringboktor en Eldana in Suikerriet en Makadamianeutboorder in Neutbome.

IRAC INSECTICIDE GROUP CODE:	6	IRAC INSEKDODER GROEP KODE:
-------------------------------------	----------	------------------------------------

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

Emamectin benzoate / Emamektien bensoaat.....50 g/kg

Registration holder / Registrasiehouer:
ARYSTA LifeScience South Africa (Pty) Ltd
 Co. Reg. No./Mpy. Reg. Nr.: 2009/019713/07
 7 Sunbury Office Park,
 off Douglas Saunders Drive,
 La Lucia Ridge, South Africa, 4019
 Tel: 031 514 5600

Contents/Inhoud

kg

Batch No.
Date of manufacture:

Lot Nr.:
Datum van vervaardiging:

U.N. No. 3077



READ THE LABEL IN DETAIL BEFORE OPENING THE CONTAINER. / LEES DIE ETIKET VOLLEDIG VOORDAT DIE HOUEER OOPGEMAAK WORD.
For full particulars, see enclosed leaflet. / Vir volledige besonderhede, sien ingeslote pamflet.

EMMA

Reg. No.: L9022 Act/Wet No. 36 of/van 1947

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

Emamectin benzoate / Emamektien bensoaat.....50 g/kg

Registration holder / Registrasiehouer:

ARYSTA LifeScience South Africa (Pty) Ltd

Co. Reg. No./Mpy. Reg. Nr.: 2009/019713/07

7 Sunbury Office Park,

off Douglas Saunders Drive,

La Lucia Ridge, South Africa, 4019

Tel: 031 514 5600

CAUTION/VERSIGTIG

WAARSKUWINGS

- Onthoudingsperiodes: Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes.

Appels.....	21 dae
Tamaties.....	1 dag
Kool.....	7 dae
Mielies and Suikermeilies.....	14 dae
Aartappel.....	14 days
Suikerriet.....	21 days
Neutbome.....	50 days
- Moenie toelaat dat diere behandelde plante vreet nie.
- Hanteer met sorg.
- Skadelik indien ingesluk of ingeasem word.
- Mag oë en vel irriteer.
- Giftig vir vis en ander waterorganismes.
- Skadelik vir voëls.
- Giftig vir bye wat blootgestel is aan direkte bespuiting.
- Berg in die oorspronklike houer in 'n koel plek, weg van voedsel en voer
- Beskerm teen lig.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte person en diere.
- Onbeskermde werkers moet die gebied wat behandel word ontruim.
- Herbetreding: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats-en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater onverenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Die registrasiehouer aanvaar nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of die registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Vermy oog en velkontak.
- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Was met seep en water onmiddellik na gebruik.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat die hande en gesig gewas is nie.
- Dra beskermende klere wanneer gemeng word - beskermende handskoene, stewels en 'n gesigskerm.

- Moet nie gedurende periodes van bye aktiwiteit spuit nie.
- Vermoed oormatige wegdrywing van spuitnewel - moenie spuit indien die windspoed hoër is as 2 meter per sekonde (7 km per uur) is nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Spoel die leë houer drie keer uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Moenie die leë houer vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie, is **EMMA** 'n groepkode **6** insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **EMMA** en enige ander groepkode **6** insekdoder het. Indien hierdie insekdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. **EMMA** of enige ander groepkode **6** insekdoder mag nie hierdie weerstandbiedende insekte beheer nie.

Om weerstand teen insekdoders te voorkom:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS: NOODREGISTRASIE

Die volgende is as noodregistrasies verleen: die beheer van Herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda*) op mielies, suikermielies en aartappels; Langhoringboktor (*Cacosceles (Zelogenes) newmani* (Thomson.)) in suikerriet en Makadamianeutboorder (*Thaumatotibia (= Cryptophlebia) batrachopa* (Meyrick, 1908)) in Neutbome. Produkte wat vir noodregistrasie goedgekeur is, word steeds onder die loep geneem vir doeltreffendheid, selektiwiteit en residu. Let asseblief daarop dat mens- en omgewingsveiligheid reeds goedgekeur is.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Deeglike en egalige bedekking van die gewas is noodsaaklik. Moet nie gedurende die hitte van die dag of as die plante nat is of as reën moontlik is spuit nie

MENGINSTRUKSIES

Vul die spuittenk met skoon water tot 'n kwart. Meet die benodigde hoeveelheid van **EMMA** af en voeg by die tenk. Vul die spuittenk met water terwyl roering gehandhaaf word om deeglike vermenging te verseker. Handhaaf roering gedurende bespuiting. Gebruik die voorbereide mengsel dadelik. Moet nie meer spuitmengsel as wat nodig is vir onmiddellike toediening aanmaak nie. Moenie toelaat om oornag te staan nie.

GEWAS/PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
<u>TAMATIES</u> Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)	200g/1000 ℓ	Dien toe sodra die plaag opgemerk word in 'n blok van twee bespuitings, 7 dae uitmekaar. Moet nie die tweede EMMA blokbespuiting binne 3 weke van die eerste blokbespuiting toedien nie. As herinfestasië plaasvind binne 3 weke van die tweede EMMA blokbespuiting, moet 'n ander insekdoder gebruik word, bv. Groep 5 (spinosad), Groep 13 (chloorfenapir) of 'n groep 22 (indoksakarb)
Tamatie Semi-landmeter (<i>Chrysodeixis acuta</i>)	200g/1000 ℓ	Moenie meer as 4 bespuitings per gewas siklus toedien nie. Moet nie minder as 200 g EMMA /ha toedien nie. Gebruik 'n penetreermiddel/benatter of ligte minerale olie met EMMA . Moet nie 'n kleefmiddel byvoeg nie.
<u>APPELS</u>	15 - 20 g EMMA + 30g Fenoxycarb	Begin toediening met die aanvang van die 1 ^{ste} , 2 ^{de} of 3 ^{de} generasie.

GEWAS/PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
Kodlingmot (<i>Cydia Pomonella</i>)	250 WG met 14 dae tussenposes	Maak seker dat 'n effektiewe beheerprogram die Fenoxycarb/ EMMA program voorafgaan gaan. Gebruik die hoër EMMA dosis wanneer die 3 ^{de} generasie geteiken word of in gevalle van hoër 2 ^{de} generasie infestasiedruk, d.w.s. in boorde met 'n geskiedenis van hoër Kodlingmot konsentrasie of waar vrugskade duidelik is wanneer die program begin.
KOOL Ruitrugmot (<i>Plutella xylostella</i>)	160 g/100 ℓ (moenie 210 ℓ spuitmengsel/ha oorskrei nie)	Spuit met die 1 ^{ste} tekens van besmetting, soos aangedui deur die spuitdrempels. Moet nie meer as 4 bespuitings per jaar toedien nie.
MIELIES AND SUIKERMIELIES Herfskommandowurm (<i>Spodoptera frugiperda</i>)	Trekkertoediening: 300 g EMMA /ha + 100 mℓ SILHOUETTE /ha	Verkenning met gereelde tussenposes word aanbeveel. Bespuit gewasse met die eerste opmerking van larwe op die blaaroppervlak. Larwes wat alreeds die mieliekop geopenetreer het, sal nie deur EMMA beheer word nie. Spuit die eerste toediening en gaan voort met verkenning. Indien nodig, volg op met 'n tweede toediening 10 tot 14 dae later. Moet nie meer as twee bespuitings toedien nie. Dien in 200 ℓ water/ha toe om effektiewe dekking van die hele plant te verseker.
AARTAPPELS Herfskommandowurm (<i>Spodoptera frugiperda</i>)	Trekkertoediening: 300 g EMMA /ha + 100 mℓ SILHOUETTE /ha	Plagverkenning met gereelde tussenposes word aanbeveel. Spuit die eerste toediening sodra die larwes op die blare waargeneem word. Verseker dat bespuiting 'n aanvang neem wanneer die larwes gemiddeld 2 mm en kleiner is. Gaan voort met plagverkenning na die eerste toediening en indien nodig, volg op met 'n tweede bespuiting 7 tot 14 dae later. Moet nie meer as twee bespuitings per groeisiklus toedien nie. Dien in 200 tot 400 ℓ water/ha toe en verseker deeglike bedekking van die hele plant.
SUIKERRIET Eldana (<i>Eldana saccharina</i>) Langhoringboktor (<i>Cacosceles (Zelogenes) newmani</i> (Thomson.))	300 g EMMA + 1.5 ℓ SILHOUETTE in 1000 ℓ water /ha OF 3 g EMMA + 15 mℓ SILHOUETTE in 10 ℓ water per 100m rylengte	Spuit binne 3 dae na die riet gesny is. Vir maksimum effek moet die afgesnyde stoppel nie droog wees nie. Rig die bespuiting oor die ry. Die ry moet skoon wees van oormatige plantreste om te verseker dat die spuitmengsel direk in aanraking met die rietstoel en die afgesnyde stamme kom. Deeglike benatting is noodsaaklik. Moet nie enige ander byvoegmiddel as die wat op etiket aanbeveel word, gebruik nie. Moet nie meer as een bespuiting per groeiseisoen toedien nie.
NEUTBOME (Ingesluit amandel-, pekan-, hasel-, makadamia-, kasjoe- en pistagio-[pimper-]neute)	20 g EMMA + 40 g ALLICE 20 SP/ 100 ℓ water EN/OF	Gebruik toepaslike verkenning- en moniteringstegnieke om die begin van die plaaginvasie te voorspel. In boorde met 'n geskiedenis van Makadamianeutboorder besmetting of 'n voorspelde hoër vlak van besmetting, dien die EMMA + ALLICE 20 SP mengsel vir die eerste twee bespuitings toe. Daarna dien EMMA op eie toe.

GEWAS/PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
Makadamianeutboorder (MNB), <i>Thaumatotibia</i> (= <i>Cryptophlebia</i>) <i>batrachopa</i> (Meyrick, 1908)	30 g EMMA /100 l water	<p>Begin spuit wanneer die plaageiers begin uitbroei maar voor die pasuitgebroeiede larwes die neutte binnedring.</p> <p>'n Mediumdekbespuiting is noodsaaklik om te verseker dat al die neuttrosse voldoende beskerm word.</p> <p>Vir die beste resultate word aanbeveel, wanneer EMMA op eie toegedien word, om 'n spuitolie daarmee saam te gebruik.</p> <p>Herhaal bespuiting na 7 tot 10 dae indien hoë infestasies van MNB aanhou.</p> <p>Moet nie meer as 2 bespuitings van die EMMA + ALLICE 20 SP mengsel per seisoen toedien nie.</p> <p>Moet nie meer as 4 bespuitings van EMMA, hetsy in 'n mengsel of alleen, per seisoen toedien nie.</p>

ERKENNING

- ALLICE 20 SP – [L8723, Wet 36 van 1947] – Arysta LifeScience South Africa (Pty) Ltd
- SILHOUETTE – [L8654, Wet 36 van 1947] – Volcano Agrosience (Pty) Ltd